Preekopsomming



KORTREEKS: Hande wat dien en gee!
Tema: Die reël van die GOUE Lewe
Teksvers: Matteus 7:21 ***"Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van My Vader wat in die hemel is."***
Teks: Matteus 7:21
Datum: 10 Aug 2008 (Erfdeel Gemeente)
Prediker: Ds Peet Louw (Tel 057 3884533 of 0844451772)

John Rice het 'n treffende gediggie geskryf:

You are writing a gospel, a chapter each day.
By the deeds that you do, by the words that you say.
Men read what you write, whether faithfull or true.
Say, what is the gospel according to you?

Dink 'n bietjie daaroor! Hoe lyk die Evangelie wat jy elke dag, hoofstuk vir hoofstuk met jou lewe vir ander mense skryf?

Die **kern van Jesus se boodskap** in ***Matteus 5-7*** gaan juis hieroor! Hy sê daarin dat ons nie net hoorders van die Woord moet wees nie, maar daders!! As ons sê ons is Christene moet ons doen en leef soos Jesus sê, anders trek ons 'n streep deur alles wat ons sê en glo. Die Woord van die Here moet nie net by die een oor in en by die ander een uitgaan nie. Dit moet vassteek in ons harte en uiteindelik by ons hande uitkom.

Toe Jesus Christus op Golgota gesterf het en kort daarna uit die dood opgestaan het, het Hy vir ons 'n lewe moontlik gemaak wat totaal anders is as dit wat nog ooit op aarde beleef is - Hy't vir ons 'n GOUE LEWE moontlik gemaak - en enige lewe wat die Lotto of enige ander maatskappy of instansie jou belowe, kom nie naastenby by die GOUE LEWE wat God moontlik maak nie. Om 'n Christen te wees, om te glo dat Jesus vir jou aan die kruis op Golgota gesterf het en vir jou sondes daar betaal het, beteken dat jy deel in die GOUD wat God op Golgota uitgedeel het. Christene se lewens is eintlik lewens van GOUD omdat dit veronderstel is om lewens in oorvloed op alle vlakke te wees - soos ***Johannes 10:10*** sê. Maar hierdie GOUE LEWE sal vir jou net 'n stuk teorie bly as die ***reël van die Goue Lewe*** nie in jou lewe is nie. Die reël van die GOUE lewe is ***gehoorsaamheid!!*** Dit wat maak dat jy in oorvloed kan lewe, dit wat die lewe in oorvloed vir jou 'n werklikheid maak, is die eenvoudige woordjie ***gehoorsaamheid*** - dit beteken om te doen wat jy hoor en weet, om volgens die wil van God te leef.

Johannes 3:36 (Lees) sê 'n ontstellende ding oor *gehoorsaamheid.* Hy sê die teenoorgestelde van GELOOF is nie ONGELOOF nie - dis ONGEHOORSAAMHEID. As jy nie DOEN wat Jesus sê nie, trek jy 'n streep deur jou geloof. As jy nie doen wat Jesus sê nie, kan jy maar tevergeefs roep, *"Jesus, Jesus!"*, kan jy maar tevergeefs probeer voordoen dat jy glo, of elke Sondag in die kerk sit, of Bybel lees, want dan rus die oordeel van God op jou - en sal jy NIE die GOUE LEWE in Jesus ervaar nie. Lees wat sê Paulus in ***2 Tessalonisense 1:7b + 8***. Hy sê die mense wat God nie ken nie is net soos dié mense wat die evangelie nie gehoorsaam nie - daar's nie vir God 'n verskil tussen ONGELOWIGES en ONGEHOORSAMES nie - albei sal gestraf word.

As jy God se Woord in jou lewe en met die manier waarop jy lewe ignoreer, as jy nie luister en doen wat Hy van jou vra nie, is dit so goed jy ken Hom nie. Ek het 'n ligte vrees in my hart oor ons *Afrikaner volkie.* Ek is bevrees ons is gebeurtenis-gedrewe! Daarmee bedoel ek, ons hou van saamtrekke, ons hou van geleenthede waar ons opgesweep kan word en mekaar kan aanspoor! Maar ons is nie so *"GROOT"* as dit by die doen kom nie!! Ons luister graag, maar dit

slaan in ons koppe vas. Die Evangelie kom nie by ons **hande** uit nie!! En dis wat Jesus gedoen het toe Hy op aarde was en dis wat Hy bedoel het ons, sy dissipels moet doen - ons moet luister en doen. Ons moet ons lewens aanpas by dit wat Hy is sy Woord sê.

Kan ek jou vandag waarsku? kyk na jouself! Kyk na jou eie gehoorsaamheid in die lig van God se Woord. Kyk hoe jy lewe van dag tot dag, van vanmôre tot vanaand, 24/7 onder die son wat die liewe Here ons gee. Sien jy meer en meer van Jesus in jou lewe? Kom jou man en jou vrou en jou kinders en jou werksmense agter dat jy verander het? Moenie onkant gevang word wanneer Hy weer kom nie. Wat sal jy kan wys as Hy jou vra: *"Wat het verander in jou lewe?*

Jakobus 1:22 sê, ***"Julle moet mense word wat doen wat die woord sê. Moet dit nie net aanhoor nie, dan bedrieg julle julleself."*** Jy mors jou tyd as jy Jesus aanroep, maar nie doen wat Hy van jou vra nie. *Ongeloof en ongehoorsaamheid* ***is twee kante van dieselfde muntstuk!!*** Om te bid dat Jesus in jou hart moet inkom, om 'n emosionele ervaring van sy teenwoordigheid te hê, om te getuig vir Jesus, om sy verlossingsplan met ander mense te deel en om die volheid van die Heilige Gees in jou lewe te ervaar, om selfs in tale te kan praat en wonderwerke te kan beleef, die Bybel te lees en te bid en baie ander Christelike dinge te doen is absoluut nodig en van onberekenbare waarde vir jou!

Maar dit beteken **absoluut NIKS** as jy Jesus nie in jou persoonlike lewe van dag tot dag gehoorsaam nie. ***Matteus 5:19*** sê, ***"As jy ... die kleinste van God se opdragte opsy sou skuif ... sal jy die kleinste wees in God se koninkryk. Maar as jy God se wet tot in sy kleinste detail respekteer en gehoorsaam, sal jy groot wees in sy koninkryk."***

Ek wil voorstel dat jy 'n pen en papier vat (of jou dagboek as jy een hou!!) en twee kolomme maak - een vir ***"Wat sê die Here!"*** en die ander een vir ***"Hoe lyk my lewe?"***. En dan gaan lees jy ***Matteus 5-7*** rustig deur en jy skryf alles wat die Here sê in die een kolom neer en dan kyk jy objektief - ter wille van jou lewe in sy koninkryk na jou eie lewe en jy skryf neer hoe lyk jou eie lewe. En dan merk jy die dinge waaraan jy hard moet werk en jy begin verander dit een vir een!! Al is dit al wat jy vir die volgende 6 maande of 'n jaar of meer doen, sal dit vir jou meer beteken as dat jy 13 boeke van die Bybel deurlees en dieselfde bly.

Jy skryf 'n Evangelie, 'n hoofstuk elke dag,
Met dit wat jy doen en dit wat jy sê,
Mense lees wat jy skryf, of dit waar is of vals.
Sê my bietjie, wat is die Evangelie volgens jou? [VRY VERTAAL!]